# NUUSBRIEF VIR PENSIOENARISSE

LA AFTREEFONDS
Verseker jou aftrede

DESEMBER 2020

## Nota van die hoofbeampte

Te midde van die baie uitdagings waarmee ons in 2020 te doen gekry het, is dit belangrik dat ons die silwer randjie van hierdie donker wolk bly soek. Die vakansie bied dikwels 'n geskikte geleentheid vir bestekopname van waar ons is en waarheen ons op pad is.

Om doelwitte vir 2021 te stel sal help om ons gemotiveerd en gefokus te hou ondanks die deurmekaar wêreld rondom ons. Van belang is om jouself af te vra waarmee om **aan te gaan**, wat om **te staak**, en wat om **te begin doen**. Dit is noodsaaklike elemente van toekomsbeplanning. As mense is dit ons veerkragtigheid ondanks uitdagings wat ons in die gesig staar, wat ons in staat stel om storms te oorkom en uit te styg.

Die Fonds het ook voor heelwat pandemieverwante uitdagings te staan gekom, maar soos altyd het ons motivering en toewyding om by u, ons pensioenarisse, uit te kom, ons gehelp om aan te pas en op te gradeer sodat ons steeds in u beste belang dienste kan lewer, ongeag die omstandighede.

Ek wil elke pensioenaris bedank wat die tyd afgeknyp het om ons kommunikasiestukke te lees, ontbrekende kontakinligting te verskaf wanneer daarvoor gevra is, ons virtuele algemene jaarvergadering by te woon en oor die algemeen gedurende hierdie moeilike tydperk met die Fonds saam te werk.

My hoop is dat ons met die oog op 2021 verbind sal bly tot goeie samewerking.

***Dit was Nelson Mandela wat gesê het:*** *"Ek het geleer dat dapperheid nie die afwesigheid van vrees is nie, maar die oorwinning daaroor."*

Ek sien uit na ons voortgesette oorwinnings in 2021 en wens u 'n vredevolle en veilige feestyd toe.

Lekker lees!
Ilse Hartlief
Hoofbeampte

## Ons nuwe virtuele werklikheid

Die koronavirus-pandemie het die belangrike rol van tegnologie in ons lewens opnuut na vore gebring. Om voortgesette en doeltreffende kommunikasie tydens hierdie pandemie te verseker, is instellings gedwing om die vermoë en rol van tegnologie in die verskaffing van voortgesette en toeganklike kommunikasie aan te gryp. As 'n Fonds moes ons dieselfde doen.

Die Fonds het dus vanjaar die eerste van hopelik vele suksesvolle virtuele algemene jaarvergaderings aangebied, asook verskeie ander virtuele skakelingsgeleenthede met ons onderskeie belanghebbendes. Hou u e-posse of die Fonds se aanlyn kalender dop vir meer inligting oor komende geleenthede wat vir u van belang is.

Ons herinner u dat u, bykomend tot die Fonds se instapkantoor, ons ook te eniger tyd op die volgende maniere kan kontak:

Tel: 021 943 5305
Faks: 021 917 4114
WhatsApp: 081 806 9959 (tussen 08:00 en 16:00)
E-pos: support@laretirementfund.co.za

**Pensioenaris-betaaldatums 2021**

| JANUARIE | FEBRUARIE | MAART | APRIL | MEI | JUNIE |
|---|---|---|---|---|---|
| 22/01/2021 | 22/02/2021 | 22/03/2021 | 22/04/2021 | 21/05/2021 | 22/06/2021 |

| JULIE | AUGUSTUS | SEPTEMBER | OKTOBER | NOVEMBER | DESEMBER |
|---|---|---|---|---|---|
| 22/07/2021 | 20/08/2021 | 22/09/2021 | 22/10/2021 | 22/11/2021 | 15/12/2021 |

## Pensioenverhoging en bonus

U pensioenverhoging wat vanaf 1 Januarie 2021 geldig is neem onder andere die volgende in ag:

### 1. Pensioenverhogingsbeleid:

Die Reëls van die Fonds gee die Trustees die nodige diskresie om die Pensioenverhogingsbeleid van tyd tot tyd te hersien en te wysig op grond van die spesifieke omstandighede van die Fonds en na oorlegpleging met die Aktuaris. Die Pensioenverhogingsbeleid van die Fonds is 'n formele bevestiging van die rasionaal wat toegepas word om die jaarlikse verhoging wat aan pensioenarisse toegeken word, vas te stel.

Die huidige Pensioenverhogingsbeleid van die Fonds is soos volg:

- n Jaarlikse hersiening word gedoen wat 'n pensioenverhoging van 70% van die VPI effektief 1 Januarie teiken, maar wat gebaseer is op die VPI tot en met die voorafgaande 30 Junie (onderhewig aan bekostigbaarheid soos bepaal deur die Aktuaris en inaggenome die beleggingsopbrengste), wat die waarde van enige bonus insluit.
- Elke drie jaar word 'n hersiening uitgevoer om pensioene, sedert die datum van aftrede, tot 100% van VPI te verhoog (bekend as 'n minimum pensioenverhoging), onderhewig aan die waarde van die nominale pensioenarisrekening en bekostigbaarheid, soos bepaal deur die Pensioenfondswet, soos gewysig.

### 2. Beleggingsopbrengste en rentekoerse:

Die tydperk van Maart 2020 tot Junie 2020 was uiters moeilik, aangesien COVID-19 beleggingsmarkte wêreldwyd negatief beïnvloed het. Die skielike impak was veel erger as die impak van die Groot Depressie tussen 1929 tot 1933. Alhoewel die impak 'n skielike daling in die fondsbates tot gevolg gehad het, het die Fonds die meeste van hierdie verliese op papier, teen Augustus 2020 weer opgemaak.

Die pensioenaris beleggingstrategie beteken dat beleggingsopbrengste nie in isolasie beskou moet word nie, maar eerder saam met die verandering in die waarde van die beloofde voordele (laste). Dit is omdat 'n groot deel van die bates (effekte) op 'n soortgelyke manier beweeg as die waarde van die laste wanneer rentekoerse verander. Wanneer rentekoerse styg, neem die waarde van beide die bates en

die laste af en andersom. Dit het in Maart 2020 gebeur met die skielike verhoging in rentekoerse. Beleggingsopbrengste op pensioenarisse se bates was gemiddeld 2,7% per jaar oor die drie jaar tot 30 Junie 2020. Alhoewel die opbrengs laag is, het die waarde van die laste ook verminder. Dit is die vergelykbare effek wat die beleggingstrategie nastreef.

## 3. Finansiële volhoubaarheid van die Fonds:

Wanneer die Raad van Trustees die jaarlikse pensioenverhoging oorweeg, is 'n primêre oorweging die finansiële volhoubaarheid van die Fonds. Die Fonds se beleggingstrategie en reserwes het gehelp om die Fonds te beskerm teen die finansiële impak van die pandemie. Ek bevestig dat die Pensioenarisrekening op 30 Junie 2020 100% befonds is. Die Fonds is dus in 'n goeie finansiële posisie.

Die Raad van Trustees kon 'n pensioenverhoging toestaan in ooreenstemming met die pensioenverhogingsbeleid van die Fonds. Soos reeds genoem, teiken die beleid 'n pensioenverhoging van 70% van prysinflasie, insluitend die waarde van enige bonus. 'n Gedeelte van die geteikende pensioenverhoging kan vir 'n bonus verruil word.

U bruto pensioen word vanaf 1 Januarie 2021 met 1% verhoog. Die verhoogde pensioen sal op u Januarie 2021 pensioen betaalstrokie getoon word. Alhoewel die pensioenverhoging laag is, moet u daarop let dat die prysinflasie vir die jaar tot 30 Junie 2020, slegs 2,2% was.

U sal ook 'n bonus van 55% van u bruto Desember pensioen ontvang wat gedurende Desember 2020 betaalbaar is. U Desember betaalstrokie sal u bonusbetaling weerspieël. Let daarop dat daar geen verpligting op die Fonds is om bonusse te betaal nie en daar moet derhalwe nie 'n verwagting wees dat die betaling van bonusse noodwendig in die toekoms herhaal gaan word nie.

Die pensioenverhoging en bonus is gelykstaande in waarde aan 'n verhoging van 70% van inflasie. Dit strook met die pensioenverhogingsbeleid. Pro-rata pensioenverhogings en bonusse sal betaal word vir pensioene wat vir minder as 'n jaar betaal is.

## Help ons om u te help!



Soos baie van u teen hierdie tyd agtergekom het, het die Fonds die manier verander waarop ons pensioenarisse se betaalstrokies uitstuur. Waar moontlik, beweeg ons weg van betaalstrokies wat per pos gestuur word na versending per e-pos. Die Fonds bespaar nie net daardeur wat betref papier en posgeld nie, maar verseker ook spoedige aflewering aan u en verminder die kans dat u persoonlike inligting in die verkeerde hande beland. Om hierdie en ander kommunikasieverwante redes, versoek ons u om asseblief seker te maak ons het te alle tye u jongste kontakbesonderhede. Ons kan net doeltreffend met u kommunikeer as ons met u in aanraking kan kom.

Werk u kontakbesonderhede asseblief vandag by per:

Tel: 021 943 5305
Faks: 021 917 4114
WhatsApp: 081 806 9959 (tussen 08:00 - 16:00)
E-pos: support@laretirementfund.co.za

Ouer mense is veral vatbaar vir ernstige siekte wat betref die koronavirus, veral noudat die streng inperkings verslap is. Dit is dus baie belangrik dat u voortgaan om self verantwoordelikheid te neem en so ver moontlik tuis te bly. Hier is ’n paar eenvoudige wenke hoe om in hierdie moeilike tye gelukkig en gesond te bly.

BLY BY DIE HUIS
BLY VEILIG

## 1. Behou u roetine

As ’n pensioenaris het u waarskynlik reeds ’n vaste daaglikse roetine en dit is belangrik dat u hiermee aanhou. Wees terselfdertyd aanpasbaar om u te help om beheer oor die verloop van u dag te behou.

## 2. Interaksie met ander mense

Bly in verbinding met u geliefdes deur die beskikbare tegnologie te gebruik. Tegnologie maak dit maklik om kontak te maak. U kan selfs trots wees daarop dat u alle maniere om oproepe te maak, bemeester het, naamlik ’n video-, gewone telefoon-, of WhatsApp-oproep.

## 3. Voorkom ’n oormaat aan inligting

Te veel inligting oor ’n te lang tydperk kan u gemoedsrus begin versteur. Skeduleer en verminder u blootstelling aan nuusinligting, soos om net een keer per dag (byvoorbeeld sewe-uur saans) na die radio- of TV-nuus te luister, of soggens die koerant te lees om op hoogte van sake te bly.

## 4. Bly aktief

Kry veilige maniere waarop u genoeg oefening en vars lug kan kry en besig kan bly, soos kort stappies in u omgewing of tuinwerk.

## 5. Eet verstandig

Maak gesonde voedselkeuses om u liggaam gesond en bestand teen kwale te hou. U kan ook u immuunstelsel versterk deur daagliks vitamien C-aanvullings te neem.

Hou aan om uself en diegene rondom u te beskerm deur ’n masker te dra, ’n veilige sosiale afstand te handhaaf en altyd gereeld u hande te was!

Namens die Bestuur van die Vereniging van Pensioenarisse wens ek u ‘n geseënde en aangename Feestyd toe (in teenstelling met die afgelope jaar, toe “COVID-19” en “Coronavirus” op almal se lippe was en ons almal ingeperk is in belang van ons gesondheid en welsyn). Mag 2021 vir u en u geliefdes goeie gesondheid en vreugde inhou.

**Steph du Toit**
*Voorsitter van die Vereniging van Pensioenarisse*

**Trustees:** Mnr. DL Carstens (Voorsitter), Me. M van Zyl (Adjunk-voorsitter), Adv. CJ Franken, Mnr. J Lawack Mnr. J Jacobs, Mnr. WR Meiring, Mnr. S Philander, Mnr. JAH van den Berg,
**Hoofbeampte:** Me. IT Hartlief

Posbus 4300, Tygervallei, 7536 • Belmont-kantoorpark, Bellville, 7530
Tel: 021 943 5305 • Faks: 021 917 4114 • support@laretirementfund.co.za
www.laretirementfund.co.za • Fondsregistrasienr.: 12/8/1278/2

LA AFTREEFONDS Verseker jou aftrede